# DIE SENDINGSKETSE VAN T. H. WANGEMANN

*Inleiding*

In 1954 het die Transvaal-museum 'n versameling van 106 sketse teen 'n bedrag van R130, van die kunshandelaar, W. A. Luz te Berlyn aangekoop. Hierdie versameling bestaan o.a. uit 48 haarpenpotloodsketse, 48 loodpotlood-sketse, 6 groterige waterverf-sketse, 1 klein waterverfwerkie in 'n totaal ander allure, en 3 gewone potlood-sketse. Hierdie kunswerke is almal van tonele in Suid-Afrika.

Vermoedelik het die kunshandelaar W. A. Luz, die sketse in Berlyn of omgewing opgespoor en toe vasgestel dat dié sketse eintlik in Suid-Afrika tuishoort en het hulle gevolglik aan die Transvaal-museum te koop aangebied. Luz het as kunstenaar van die sketse, August Prozesky aangegee.

In 1955 het die stad Pretoria sy eeufees gevier en die Transvaal-museum se afdeling vir geskiedenis, het 'n historiese uitstalling oor die geskiedenis van die stad Pretoria gehou. Vir die eerste keer is o.a. uitgestal een van die nuut aangekoopte sketse. Dit toon 'n blik op Pretoria in 1867. As kunstenaar van hierdie skets is August Prozesky aangegee[1]. In dieselfde jaar gee die Stadsraad van Pretoria 'n boek uit waarin die skets vir die eerste maal gepubliseer word.[2] Ook in hierdie werk word die skets van oud-Pretoria tot die krediet van August Prozesky gereken. Daarmee was die verwerking, navorsing en uitstalling van hierdie kunswerke, voorlopig op die langebaan geskuif.

In 1964 stig die Kultuurafdelings van die Transvaalmuseum af en word 'n nuwe outonome museum nl. die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. Die versameling sogenaamde „Prozesky"-sketse word nou besitting van lg. museum.

Onlangs het hierdie sketse weer die aandag getrek en is daar met navorsing oor hul agtergrond en ontstaan begin. In hierdie artikel word beoog om kortliks op die resultate van dié navorsing te wys.

*Probleem van outeurskap*

Die kunstenaar van die sketse is beide deur W. A. Luz en die Transvaalmuseum as August Prozesky aangegee. Die meeste sketse is nie onderteken nie, en die vraag ontstaan waarom hierdie sketse as dié van Prozesky aangewys is?

Vermoedelik het Luz, Prozesky as kunstenaar aangewys omdat ses waterverfsketse onderteken is met die letters „A.P." Al ses hierdie sketse dateer na 1870 en toon tonele in die omgewing van Majubaberg en Newcastle, Natal. Die res van die versameling is nie onderteken nie.

Volgens die tekenstyl kan dié sketse duidelik in twee groepe verdeel word. Daar is 48 haarpen- en 48 loodpotlood-sketse. Die haarpen-werke

1. *Katalogus, Historiese Uitstalling: Pretoria, 1855-1955.* Uitgegee deur die Stadsraad van Pretoria, p. 10.
2. Engelbrecht, S. P. e.a.: *Geskiedenis van die stad Pretoria 1855-1955.* Uitgegee deur die Stadsraad van Pretoria, p. 130.

dateer almal uit die jare 1866-'67. Die in potlood, dateer almal uit die jare 1884-'85.

Die styl van die haarpen-sketse stem merkbaar ooreen met die styl van die werke in loodpotlood gedoen, en verder, die styl van die twee media verskil radikaal met die styl van die ses waterverf-sketse wat „A.P." geteken is.

Wat die grootte van die sketse betref, is die haarpen- en die loodpotlood-sketse dieselfde, behalwe dat dic haarpen-sketse gemonteer is. Die ses waterverf-sketse is baie kleiner as die in ander media.

Die oorblywende klein waterverf-sketsie wat nie onderteken is nie, toon groot formele ooreenkoms met die haarpen- en loodpotlood-sketse. Die ander klein potlood sketsies verskil radikaal in styl en formaat van die res van die hele versameling. Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dus dat hierdie versameling kunswerke deur drie kunstenaars gemaak is. Die soektog na die outeurs het gevolglik begin.

Wat die ses waterverf-sketse betref, was dit nie moeilik nie, want „A.P." kan beslis August Prozesky wees. August Prozesky was 'n sendeling in diens van die Berlynse Sendinggenootskap wat in 1824 gestig is. In 1868 lê hy die sendingstasie Konigsberg naby Newcastle in Natal aan.[3] Die ses waterverf-sketse is almal van tonele naby Newcastle.

Die haarpen-sketse van 1866-'67 en so ook die loodpotlood-sketse van 1884-'85, toon almal tonele van sendingstasies oor die hele Suid-Afrika, wat te kenne gee dat twee lang reise onderneem is. Nêrens kon gegewens gevind word wat daarop dui dat sendeling Prozesky sulke uitgebreide reise onderneem het nie. Selfs die teoretiese moontlikheid van Prozesky as outeur verval hiermee. Nietemin, die sketse toon almal tonele van sendingstasies wat behoort het aan die Berlynse Sendinggenootskap en moes daar eerstens, na 'n outeur gesoek word binne dié sendingkring.

Aan die hoof van die Berlynse Sendinggenootskap in Duitsland het 'n direkteur gestaan. So was daar bv. direkteure, Wallmann, Wangemann, Kratzenstein e.a. Bekend is die feit dat direkteur Wangemann tydens sy dienstyd, 1865-1894, twee uitgebreide sendingreise na Suid-Afrika onderneem het nl. in 1866-'67 en 1884-'85. Dit is ook bekend dat direkteur Wangemann tydens sy reise 'n dagboek gehou het, wat later in boekvorm uitgegee is.


Nou val dit op dat die datums op die twee stelle sketse ooreenstem met die tye wat direkteur Wangemann Suid-Afrika besoek het. Die gegewens in sy dagboeke is vergelyk met die gegewens op die twee stelle sketse en steeds het skets en dagboek met mekaar ooreengestem. As voorbeelde kan genoem word:

1. Die titel onderaan een van die haarpen-sketse is „Gerlachshoop, 16 Mai 1867". In die dagboek staan onder 16 Mei 1867 o.a. die volgende, „Während ich *eine Skizze zeichnete* gingen Merensky und Koboldt

3. Kratzenstein, dr. Ed.: *Kurze Geschichte der Berliner Mission in Süd- und Ostafrika*. Berlin. 1893. p. 191.

den Berg hinan".[4]

2. Die titels onderaan twee van sy haarpen-sketse is, Botschabelo, 4 Mei 1867 en Botschabelo, 6 Mei 1867. In sy dagboek skryf hy, „Donnerstag, den 2 Mai, bis heute Mittwoch den 8 Mai, verging unter Gesprächen allgemeinen Inhalts und Hausbesuchen, Besuchen der Umgend, *Zeichnen*, schreiben des Tagesbuchs . . ."[5]



*Gerlachshoop, Transvaal, 1867*

3. Die dag waarop hy die skets van oud-Pretoria maak nl. op 27 April 1867 (foutief aangegee as Prozesky deur Luz en die Transvaalmuseum), vind ons hom o.a. in gesprek met Staatspresident M. W. Pretorius.[6]
4. Die titel onderaan een van sy loodpotlood-sketse is „Konigsberg, 9.4.1885". In sy dagboek skryf hy op 9 April 1885 o.a. „ritt ich zunächcts zu einem der Station (Königsberg), gegenüberliegenden Hügel, um *eine Skizze* von der Station und ihrer Lage unter dem Drakengebirge aufzunehmen".[7]
5. Op 1 Maart 1885 besoek dr. Wangemann die sendingstasie Khalatlolu, en in sy dagboek skryf hy o.a. „Ich verwandte die vakant gewordene

4. Wangemann, dr.: *Ein Reise - Jahr in Süd-Afrika.* Berlin, 1868. p. 402.
5. Ibid. p. 387.
6. Ibid. p. 383.
7. Wangemann, dr.: *Ein Zweites Reise-jahr in Süd-Afrika.* Berlin, 1886, p. 324.

Vormittagszeit *zu einer Skizze"*.[8] Die datum op hierdie loodpotloodskets is 1 Maart 1885.

6. Oor sy besoek aan Pretoria op 7 November 1884 sê hy o.a. in sy dagboek, „Vor Sonnenaufgang begab ich mich mit meiner Zeichenmappe nach dem gestrigen Aussichtspunkt um *eine Skizze* des schönen Bildes aufzunehmen".[9] Weer eens is die datum van dié skets en die datum in die dagboek dieselfde.

Daar kan so voortgegaan word met die verskaffing van steeds meer voorbeelde om die outeurskap van direkteur Wangemann te illustreer, maar genoemdes sal oortuig. Ten einde direkteur Wangemann se kunstige talent te illustreer, kan daar verwys word na die kaart van Suid-Afrika wat hy self ontwerp en geteken het.[10]

Oor die een waterverf-skets bestaan daar nog onsekerheid. Hierdie skets is veel kleiner as die res, maar tog toon dit ooreenkoms wat detail betref, met die ander sketse van Direkteur Wangemann. Dit toon 'n blik op die sendingstasie Medingen in Noord-Transvaal. Ons lees in sy dagboek o.a. „Während ich noch zeichnete kamen eine ganze Anzahl . . ."[11] Dit sou miskien nie te vergesog wees nie om ook hierdie werkie tot direkteur Wangemann se krediet te voeg.

Die twee klein potlood-sketsies se agtergrond bly steeds onopgelos, aangesien geen geskikte outeur hiervoor gevind kon word nie.

*'n Paar feite oor Direkteur Wangemann*

Theodor Hermann Wangemann is op 27 Maart 1818 te Wilsnack in die Westprignitz (Duitsland), gebore.[12] Te Berlyn studeer Wangemann in die teologie. Eers is hy predikant te Wollin en later word hy Archdiakonus en Seminaardirekteur te Cammin.[13] Dit was hier te Cammin wat hy 'n leidende rol in die kerklike lewe begin speel het. Hy was vurige voorstander van die Pruisiese staatskerk en kampvegter vir demokratiese regte. Al gou het Wangemann een van die bekwaamste leiers van die Evangelies-Lutherse Kerk geword. Hy was 'n besielende prediker en uitmuntende organiseerder en na die dood van direkteur Wallmann in 1865, is Wangemann as die mees geskikte kandidaat beskou om direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap te word en is hy na Berlyn beroep.[14] Die Berlynse Sendinggenootskap het onder beskerming van die Evangeliese Lutherse Kerk gestaan.

In Oktober 1865 aanvaar hy die amp as direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap, 'n amp wat hy waardig beklee tot met sy dood op 18 Junie 1894.

8. Ibid. p. 263.
9. Wangemann, dr.: *Ein Zweites Reise-jahr in Süd-Afrika*, a.w., p. 101.
10. Ibid. p. 433.
11. Ibid. p. 144.
12. *Dr. Wangemann, Missionsdirektor, ein Lebensbild von seinem ältesten Sohne.* Berlin, 1899. p. 1.
13. Ibid. p. 16 en verder.
14. Vgl. Wangemann, dr.: *Maléo en Sekoekoeni*, vertaal en verwerk deur J. F. W. Grosskopf en G. P. J. Trümpelmann. *Van Riebeeck-Vereniging*, Kaapstad, 1957. p. x—xi.

In 1866-'67 en weer in 1884-'85, het Theodor Wangemann uitgebreide sendingreise na Suid-Afrika onderneem om die sendingstasies van die Berlynse Sendinggenootskap te besoek. As direkteur moes hy sendelinge uitstuur, nuwe sendinggebiede laat ondersoek en die verslae van sendelinge deur lees. Hy moes hom op hoogte hou van alles wat op die sendingveld gaande was. So bv. gee hy aan August Prozesky in 1868 die opdrag om 'n sendingstasie aan te lê naby Newcastle in Natal. In 1871 keur hy dit goed dat eerw. Knothe en eerw. Friedrich Grünberger hulle sendinggebiede omruil.

Dit is vanselfsprekend dat Wangemann nie alles vanuit Berlyn kon beheer nie en daarom is in elke sendinggebied 'n Superitendent aangestel. Een van die vroegste superintendente in Transvaal was Alexander Merensky.

Uit Wangemann se dagboeke en ander geskrifte blyk dit duidelik dat hy hom tydens sy reise, goed vertroud gemaak het met die toestande in Suid-Afrika. Sy oordeel en uitsprake is goed deurdink en sy voorstelle logies voorberei.

Wanneer hy Suid-Afrika in 1884-'85 besoek, is hy reeds 'n ou man van 66 jaar en ook nie meer gesond nie. Tog verrig hy sy taak met treffende entoesiasme. Sy lojaliteit aan die Meester spreek luid van diep, oortuigende geloof.

Die vyftigste verjaarsdag van die stasie Bethanie, O.V.S., was die deurslaggewende faktor vir sy reis van 1884.[15] Sy tweede reis het hom nie alleen weer eens na ou bekende stasies gebring nie, maar na vele nuwes wat in 1867 nog nie bestaan het nie, soos bv. Neu-Halle, 1873; Tschakoma, 1874; Arkona, 1877; Medingen, 1881; Johannesburg, 1887; ens. In hierdie lig gesien, vul sy tweede reis die eerste aan en interessant is dit om die groei en ontwikkeling van die sending op hierdie wyse te volg.

*Een en ander oor die sketse*

Die eerste indruk van die sketse lyk, wat die stel van 1884-'85 betref, asof dit in haas gedoen is. Tog, by noukeuriger ondersoek na styl en afwerking, tref die geweldige fyn detail diep. Die detail is feitlik volledig. Wat die diepste tref, is dat elke skets so luid spreek van die lief en leed op die vroeë Suid-Afrikaanse sendingveld. Van die sketse alleen kan afgelei word of 'n sendingstasie floreer het aldan nie. Ook lei mens baie van die karakter van die sendeling af. Die skets van Medingen lyk na 'n stukkie „Deutschtum" in die hart van Modjadji-land en gee iets te kenne van die persoonlikheid van sendeling Fritz Reuter. Die swart-wit vlag van Pruise wat Wangemann duidelik op sy sketse van Botschabelo (1867), inteken getuig van die gesindheid van sendeling Alexander Merensky.

'n Eienaardigheid van die sketse is dat die voorgrondse geensins afgewerk is nie. Die blik is op die vertes — op die hiernamaals? Die sketse gee hier die indruk van subjektiewe ervaring.

15. Wangemann, dr.: *Ein Zweites Reise-jahr in Süd-Afrika,* voorwoord.

Een en ander oor 'n paar sketse se geskiedenis en agtergrond sal vervolgens toegelig word. Telkens sal na Direkteur Wangemann se besoeke verwys word.

*Amalienstein, Kaapland*

In 1856 stuur vise-superintendent Wuras die sendeling August Schmidt na Amalienstein naby Ladysmith, Kaapkolonie, en nog in dieselfde jaar word Amalienstein 'n outonome stasie. Tot 1856 het dit onder voogdyskap van die stasie Zoar, wat naby geleë is, gestaan. Die kerk op Amalienstein was reeds voltooi by die aankoms van sendeling Schmidt.[16]

Die jare 1865 en 1866 is gekenmerk deur 'n geweldige droogte wat die inwoners van Zoar heeltemal van die stasie verdryf het. Amalienstein se inwoners is gered slegs as gevolg van mildelike finansiële hulp uit Duitsland en die Kaap. Sowat 5,000 dalers is ingesamel.[17] Die besoek van direkteur Wangemann in 1866 was 'n welkome verfrissing in die geestelike lewens van die inwoners.[18]

In 1885 besoek direkteur Wangemann, Amalienstein vir 'n tweede keer en wel tussen 11 en 17 Junie. Op 16 Junie maak hy 'n skets van die stasie in besonder fyn detail. In sy dagboek sê hy o.a. dat hy 'n verkoue opgedoen het omdat hy op 'n koue klip gesit het, terwyl hy besig was om te teken.[19] Sy skets toon 'n blik op die stasie met die pragtige kerkie in die Neo-Gotiese boustyl.


*Bethanie, Oranje-Vrystaat*

Tydens Wangemann se eerste besoek aan Suid-Afrika vertoef hy 'n maand op die stasie Bethanie en dit wel vanaf 28 Februarie tot 28 Maart 1967. Die sendingstasie Bethanie (Huis van Ellende), is in 1834 aangelê en maak dit die oudste sendingstasie in Suid-Afrika wat aan die Berlynse Sendinggenootskap behoort. Bethanie moes 'n moeilike pionierstyd deurmaak en eers teen die jare sewentig van die vorige eeu, begin die stasie vooruitgang toon. Sendeling C. F. Wuras het vir 48 jaar onvermoeid die stasie beheer.[20]

Groot moes die vreugde gewees het in 1884 toe Bathanie sy vyftigste verjaarsdag kon vier. Die feesverrigtinge was die deurslaggewende faktor vir direkteur Wangemann se tweede reis in 1884. „Ein zweites Reisejahr in Afrika kostete mir, dem Sechsundsechziger, einige Ueberlegung. Die Jubelfeier in Bethanien gab den Ausschlag."[21]

Die jubelfees te Bethanie het op 24 en 25 September 1884 plaasgevind. Feitlik alle sendelinge verbonde aan die Berlynse Sendinggenootskap, het vir hierdie doel na Bethanie gekom. So was o.a. sendelinge Grützner, Knothe, Schmidt, Nauhaus, Sandrock e.a. daar. Die eregaste tydens die fees was die Staatspresident van die Vrystaatse Republiek, J. H. Brand en mev. Brand.

16. Vgl. Kratzenstein, dr. Ed.: *Kurze geschichte der Berliner Mission*, p. 56 en 59.
17. Kratzenstein, dr. Ed.: *Kurze Geschichte der Berliner Mission*, p. 59.
18. Ibid. p. 61.
19. Wangemann, dr.: *Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika*, p. 412.
20. Vgl. Kratzenstein, dr. Ed.: *Kurze Geschichte der Berliner Mission*, p. 7—17.
21. Wangemann, dr.: *Ein Zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, voorwoord.



*Bothsabelo, Transvaal, 1867*

Die middag na die verrigtinge is 'n maaltyd vir 120 gaste gegee, waaronder pres. en mev. Brand. Teen die muur het drie groot opskrifte gehang nl., „God zegen onzen President", „Heil en zegen onzen Medeburger den Eerw: C. F. Wuras, ‚zedeling gedurende 48 jaren" en „Dem ehrwürdigen Direktor der Mission D. Wangemann ein herzlich Willkommen!"[22]

Oor die feesmaal skryf Wangemann verder „Ich Führte die Frau Präsidentin zu Tische; auf der andern Seite sass der Herr Präsident neben mir. Die Unterhaltung stockte leider öfters; den so herzlich und freundlich die beiden Herrschaften waren, so war es mir doch nicht moglich, ihr schnellgesprochenes Holländisch druchweg zu verstehen". Na die maaltyd het pres. Brand in 'n kort toespraak die werk van die Berlynse Sendinggenootskap geloof.[23]

*Königsberg, Natal*

In 1865 kom sendeling Prozesky na Suid-Afrika waar hy hom te Emangweni in Natal vestig. In 1868 ontvang hy die opdrag van direkteur Wangemann om na Basoetoeland te reis en daar die Basoetoetaal en gewoontes te leer.[24]

22. Ibid. p. 21.
23. Wangemann, dr.: *Ein Zweites Reisejahr in Süd-Afrika,* p. 21.
24. Kratzenstein, dr. Ed.: *Kurze Geschichte der Berliner Mission,* p. 191.

Op 11 Junie 1868 het Prozesky die sendingstasie Königsberg, naby Newcastle, aan die voet van die Drakensberge aangelê. Oorspronklik stam Prozesky uit die stad Konigsberg in Oos-Pruise en vernoem hy sy sendingstasie na sy ou geboorteplek. Die versierings, in die vorm van Bybeltekse in die kerkie op Königsberg, het sendeling Prozesky self aangebring. In 1878 word Königsberg deur 'n hewige droogte getref wat byna rampspoedige gevolge gehad het. Prozesky was een van die weinige sendelinge wat gedurende sy ampstermyn weer sy ou tuisland besoek het, toe hy in 1892 vir 'n rukkie na Duitsland is.

Tussen 7 en 9 April 1885 besoek direkteur Wangemann Königsberg en skryf o.a. oor hierdie stasie, „Die Station selbst macht einen auserordentlich freundlichen Eindruck, Garten — und Baumpflanzugen aller Art lassen sie wie eine Oase in der Wüste erscheinen".[25] Kort voor direkteur Wangemann se vertrek maak hy 'n skets van Königsberg om die ligging van die stasie aan die voet van die Drakensberge te toon.[26]

Sendeling Prozesky is in 1929 te Königsberg oorlede en is ook daar begrawe.

*Gerlachshoop, Transvaal*

Teen die jare sestig van die vorige eeu het die Berlynse Sendinggenootskap die saad van die Evangelie begin saai in 'n gebied wat, soos dit later sou blyk, die grootste oes gelewer het — Transvaal.[27]

Dertien jaar na die mislukte poging van die Wesleyaanse sending onder die Swazi is sendelinge Alexander Merensky en Heinrich Grützner, vanaf Emmaus in Natal, uitgestuur om 'n tweede poging tot kerstening onder die Swazi aan te wend. Die Swazi, onder koning Swaas, wou niks weet van die Christendom nie en Merensky en Grützner moes die wyk na Lydenburg neem. Hier tref hulle die Bapedi aan en besluit om daar, op aanbeveling van die sterwende generaal von Gerlach, die stasie Gerlachshoop aan te lê.[28]

Tog, hier het dit nooit goed gegaan nie en in 1864, toe Sekoekoeni koning word, verdryf hy sendeling Merensky en begin hy om die Christene te Gerlachshoop te vervolg. Sendeling Merensky verskuif sy stasie vanaf Gerlachshoop na Botshabelo (Stad van Redding) naby Middelburg.

Direkteur Wangemann besoek nietemin in 1867 die stasie Gerlachshoop saam met Merensky en Koboldt en volgens die skets wat hy daardie dag, 16 Mei 1867, gemaak het, kry mens 'n goeie idee van die vroeë afgesonderdheid van die sendingstasies. Die sendingstasie Gerlachshoop dien as blywende monument van vroeë pionierspogings om Godswoord onder die heidene te versprei. Direkteur Wangemann se skets beklemtoon hierdie feit.

25. Wangemann, dr.: *Ein Zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, p. 322.
26. Wangemann, dr.: *Ein Zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, p. 324.
27. Du Plessis, J.: *A History of Christian Mission in South Africa*. Herdruk in 1965 deur C. Struik. Kaapstad. p. 343.
28. Vgl. Wangemann, dr.: *Maléo en Sekoekoeni* (Afr. vertaling deur J. F. W. Grosskopf), p. 1 en 2.

Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria is die trotse besitter van hierdie unieke versameling sending-sketse van direkteur Wangemann.

Aan die eerlike, objektiewe en getroue lewensopvatting van Theodor Wangemann het ons dit te danke dat daar soveel oor hierdie aspek van Suid-Afrika se geskiedenis behoue gebly het. In die geskiedenis sal Wangemann onthou word as een van die bekwaamste en mees vurige voorstanders van sendingwerk wat Duitsland voortgebring het.

D. W. van der Merwe.